



# **GEOGRAFIE**

**SKOOLGEBASEERDE  
ASSESSERING  
VOORBEELENDE – KABV**

**GRAAD 12**

**ONDERWYSERGIDS**



**basic education**

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**





**GEOGRAFIE**

**SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING**

**VOORBEELDE – KABV**

**GRAAD 12**

**ONDERWYSERGIDS**

## INHOUDSOPGawe

1.	Inleiding	3
2.	Doelstellings/Doelwitte van die projek	4
3.	Assesseringstake soos uiteengesit deur die KABV	5
4.	Program van assesseringstake	6
4.1	Soorte take	6
4.2	Voldoening aan NKV/KABV-vereistes	6
4.3	Assessering van vaardighede	6
4.4	Riglyne vir navorsingstake	6
4.4.1	Onderwysersriglyne vir die doen van navorsing	6
4.4.2	Riglyne vir navorsing	7
4.4.3	Die opstel van 'n bibliografie vir 'n navorsingstaak	9
4.4.4	Voorgestelde voorblad vir 'n navorsingstaak	11
5.	Gehalteversekeringsprosesse wat gevolg is	12
6.	Assesseringstake	12
6.1	Navorsingstake	12
6.1.1	Voorbeeld: Navorsingstaak 1	12
6.1.2	Voorbeeld: Navorsingstaak 2	14
6.1.3	Voorgestelde nasienrubriek vir navorsingstake	16
6.2	Datahanteringstake	18
6.2.1	Voorbeeld: Datahanteringstaak 1	18
6.2.2	Voorbeeld: Datahanteringstaak 2	21
6.2.3	Memorandum/Nasienriglyne vir datahanteringstake	26
7.	SLOT	31

## 1. Inleiding

Assessering is 'n deurlopende beplande proses vir die identifisering, versameling en interpretasie van inligting met betrekking tot die prestasie van leerders, deur die gebruik van verskeie soorte assessering. Dit behels vier stappe: die genereer en insamel van bewyse van prestasie; die evaluering van hierdie bewyse; die aanteken van die bevindings en die gebruik van hierdie inligting om te verstaan en die leerders te help met hulle ontwikkeling om die proses van leer en onderwys te verbeter. Assessering moet beide informeel (assessering vir leer), en formeel (assessering van leer) wees. In albei gevalle moet gereelde terugvoer aan leerders gegee word om die leerervaring te verbeter.

Skoolgebaseerde assessering (SGA) is 'n doelgerigte versameling van leerders se werk wat die verhaal van leerders se pogings, progressie of prestasie in gegewe areas vertel. Die gehalte van SGA-take is integraal tot die leerders se voorbereiding vir die finale eksamens. Hierdie boekie dien as 'n hulpbron vir vier voorbeeld-SGA-take vir skole en vakonderwysers van Geografie. SGA-punte word formeel deur die onderwyser vir progressie en sertifiseringsdoeleindes opgeteken. Die SGA-komponent is verpligtend vir alle leerders. Leerders wat nie aan die voorgeskrewe vereistes van die beleid kan voldoen nie, sal dalk nie in aanmerking kom om vir die vak in die finale eksamen in te skryf nie.

Die formele assesseringstake voorsien die onderwyser van 'n sistematiese manier om vas te stel hoe goed leerders gevorder het. Hierdie publikasie sluit toetse, 'n projek en 'n gevallestudie in. Formele assesseringstake maak deel uit van 'n jaarlange formele program van assessering. Hierdie take moet nie ligtelik opgeneem word nie en leerders moet aangemoedig word om hul beste moontlike pogings in te dien vir finale assessering.

Die onderwysers moet seker maak dat die assesseringstake relevant en geskik is vir die leerders wat onderrig word. Onderwysers moet die take aanpas om by die leerders sevlak van begrip aan te pas, en die take moet konteksgebonde wees; hulle moet egter ook kennis neem van die vereistes soos dit in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaringsdokument (KABV) uiteengesit is.

Hierdie publikasie bestaan uit vier take wat aan die vereistes van die graad 12 Geografie-kurrikulum voldoen.

Daar word verwag dat hierdie take as 'n waardevolle hulpbron sal dien vir:

- Geografie-onderwysers, met die voorsiening van voorbeeld van die soorte en standaard van skoolgebaseerde assesseringstake wat vir hul leerders geskik sal wees
- Graad 12 Geografie-leerders, met die voorsiening van materiaal wat hulle sal help met hul voorbereiding vir die KABV-eksamen in Geografie

## 2. Doelstellings/Doelwitte van die projek

- Skoolgebaseerde assessering sorg vir 'n meer gebalanseerde en betroubare assesseringstelsel, deur die verskeidenheid en diversiteit van assesseringstake te vergroot.
- Die voorbeeldtake is daarop gemik om die diepte van die kurrikuluminhoud wat vir graad 12 geskik is, weer te gee.
- Hulle maak voorsiening vir die verlangde denkvlakke volgens Bloom se hersiene taksonomie: onthou, verstaan, toepassing, ontleding, evaluering en skepping.
- Skoolgebaseerde assessering verbeter die geldigheid van assessering deur aspekte in te sluit wat nie onder formele eksamentoestande geassesseer kan word nie.
- Dit verbeter die betrouwbaarheid van assessering omdat beoordeling op baie meer waarnemings oor 'n verlengde tydperk gebaseer is.
- Dit het 'n voordeelige uitwerking op onderrig en leer, nie alleen met betrekking tot die kritiese ontleding en evaluering van Geografiese inligting en kreatiewe probleemplossing nie, maar ook op onderrig- en assesseringspraktyke.
- Dit bemagtig onderwysers om deel te word van die assesseringsproses en verhoog samewerking en die deel van kundigheid in en tussen skole.
- Dit het 'n professionele ontwikkelingsfunksie en bou onderwysers se vaardighede in assesseringspraktyke op, wat weer oorgedra kan word aan ander areas van die kurrikulum.
- Die take fokus op die inhoud van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV), wat in 2013 in werking is, en bevat blootstellingaansekere aspektevandienhoudvandieKurrikulum-enAssesseringsbeleidsverklaringsdokument (KABV) wat in 2014 in werking tree.

Die kenmerkende eienskappe van SGA (en die waarde daarvan as 'n relatief klein komponent van 'n samehangende assesseringstelsel) het implikasies vir die ontwerp en implementering daarvan, veral die aard van die assesseringstake en die rol van die onderwyser in standaardiseringsprosedures. Hierdie implikasies word soos volg opgesom:

- Die assesseringsproses moet gekoppel word aan die normale onderrigprogram en 'n logiese uitkoms daarvan wees omdat onderrig, leer en assessering komplementêre dele van die hele opvoedkundige ondervinding moet wees (m.a.w. die SGA-komponent is nie 'n afsonderlike, eenmalige aktiwiteit wat op die rooster kan verskyn of voorberei word nie asof dit 'n afsonderlike element van die kurrikulum is).
- Die assesseringsproses moet 'n ryker prentjie voorsien van wat leerders kan doen as wat deur die eksterne eksamen voorsien kan word, deur meer monsters oor 'n langer tydperk te neem en deur nader te beweeg aan werklike en laespanningskomstandighede (m.a.w. die SGA-komponent is nie 'n eenmalige aktiwiteit wat onder pseudo-eksamenomstandighede deur onbekende assessore gedoen word nie).
- Die formatiewe/summatiewe onderskeid bestaan in SGA, maar dit is baie minder rigged en vas as in 'n toetskultuur; m.a.w. leerders moet konstruktiewe terugvoering ontvang en geleenthede hê om vrae te vra oor bepaalde aspekte van hul vordering na elke beplande SGA-assesseringsaktiwiteit, wat beide die Geografievaardighede verryk en leerders help om vir die finale eksterne eksamen voor te berei (m.a.w. die SGA-komponent is nie 'n suiwer summatiewe assessering nie).
- Om effektief te wees, moet die SGA-proses hoogs gekontekstualiseerd, dialogies en sensitief vir leerders se behoeftes wees, m.a.w. die SGA-komponent is nie en kan nie dieselfde hanteer word as 'n eksterne eksamen nie, waarin tekste, take en taakomstandighede geheel en al gestandaardiseer word en alle kontekstuele veranderlikes beheer word nie. Om dit te probeer regkry, sal die inherente rasionaliteit vir SGA negeer, daarom moet skole en onderwysers 'n sekere mate van vertroue en outonomie geniet in die ontwerp, implementering en bepaalde tydsberekening van die assesseringstake.

Onderwysers moet seker maak dat leerders die assesseringskriteria en die betekenis daarvan vir self- en eweknie-assessering verstaan. Onderwysers moet ook hierdie kriteria vir informele assesserings- en onderrigdoeleindes gebruik

voordat hulle enige formele assessering onderneem sodat hulle bekend is met die kriteria en die assesseringsproses.

Die projek verskaf voorbeeldtake wat daarop gerig is om:

- Die diepte van die Geografiekurrikulum-inhoud wat vir graad 12 geskik is te weerspieël
- Die verlangde kognitiewe eise soos per Bloom se hersiene taksonomie te weerspieël: onthou, verstaan, toepassing, ontleding, evaluering en skepping
- Vrae en subvrae te bevat wat die geskikte grade van uitdaging weerspieël: maklik, gemiddeld en moeilik
- Op die inhoud van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV), effektiel in 2013, te fokus en blyostelling aan sekere aspekte van die nuwe inhoud van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaringsdokument (KABV), effektiel vanaf 2014, te bevat

### **3. Assesseringstake soos uiteengesit deur die KABV**

Kwartaal 1	Kwartaal 2	Kwartaal 3	Kwartaal 4
• 2 take	• 2 take	• 3 take	
• 1 gestandaardiseerde toets	• Junie-eksamen (Vraestel 1 en 2)	• 1 gestandaardiseerde toets	• Finale eksterne eksamen (Vraestel 1 en 2)
• Datahantering	• Kaartwerktaak	• Navorsings-/ • Opsteltipetaak • Proefeksamen (Vraestel 1 en 2)	
SGA-punt wat 25% van die finale punt uitmaak (100 punte)		75% van finale punt (300 punte)	

Kwartaal	Taak	Totaal	SGA-gewigstoekenning	Totaal
1	Datahantering	60	20	100 (25%)
	Gestandaardiseerde toets	100	10	
2	Kaartwerktaak	60	20	100 (25%)
	Junie-vraestel 1	200	300	
3	Junie-vraestel 2	100	10	100 (25%)
	Navorsings-/Opsteltipetaak	60	20	
	Gestandaardiseerde toets	100	10	
	Proefvraestel 1	225	300	
4	Proefvraestel 2	75	10	300 (75%)
	Eksterne Vraestel 1	225	300	
	Eksterne Vraestel 2	75		

## 4. Program van assessoringsstake

### 4.1 Soorte take

- Navorsingstake (een taak moet voltooi word)
- Datahantering (een taak moet voltooi word)

### 4.2 Voldoening aan NKV/KABV-vereistes

Die soorte take en die getal take voldoen ten volle aan die NKV/KABV vereistes. Voldoening word onder punt 3 uiteengesit. Die inhoud wat deur elk van hierdie take gedek word, word by elke taak aangedui. Die inhoud wat deur elk van die take gedek word, is in die kurrikulum ingesluit en kan in enige eksterne eksamen getoets word.

### 4.3 Assessering van vaardighede

Die volgende vaardighede word geassesseer. Sommige van/AI hierdie vaardighede kan in enige eksterne eksamen getoets word.

- Versameling van data
- Interpretering van data
- Ontleding van data
- Vergelyking van verskillende stelle data
- Voorstelling van data in geskrewe, grafiese of kaartformaat
- Probleemoplossing
- Die maak van gevolgtrekkings
- Hipotesestellings

### 4.4 Riglyne vir navorsingstake

#### 4.4.1 Onderwysersriglyne vir die doen van navorsing

Navorsingsraamwerk vir assessorings (Riglyn vir die administrasie van 'n navorsingstaak)

NAVORSINGSAKTIWITEITE	STAPPE	PUNTE	LENGTE	TYDPERK
Formuleer die hipotese	1	5	Nie meer as 50 woorde nie	Een week
Agtergrondinligting oor die studiegebied	3	6	75 tot 100 woorde	
Dataversameling	2	6	A4-grootte of kleiner	
Kartering	4	5	75 tot 100 woorde	Twee weke
Ontleding en sintese van data	5	15	300 tot 450 woorde	
Aanbevelings en moontlike oplossings	6	6	75 tot 100 woorde	
Gevolgtrekking – aanvaar of verwwerp die hipotese	7	5	Nie meer as 50 woorde nie	Een week
Bibliografie	8	4		
Voorblad		3		
Aanbieding		5		
TOTAAL		60		
Indiening	9			Indieningsdatum

Wanneer 'n onderwerp vir navorsing gekies word, isoleer onderwerpe in bepaalde areas in die Geografie NKV/KABV-inhoud, byvoorbeeld interaksie tussen mens en omgewing.

- Interaksie tussen mens en omgewing in landelike nedersettings
- Interaksie tussen mens en omgewing in stedelike nedersettings

#### 4.4.2 Riglyne vir navorsing

##### Navorsingstaak

###### Stap 1: Formuleer 'n hipotese/probleemstelling

As Geografe probeer ons om die interaksie tussen mense en tussen mense en die omgewing in ruimte en tyd te verstaan en te verduidelik. Dit word bereik deur vrae te vra of om ingeligte geografiese besluite te neem. Dit behels die ontwikkeling van 'n *hipotese* of 'n *probleemstelling* wat getoets moet word.

- Jy moet 'n bepaalde studiegebied uitsoek waar daar 'n geografiese probleem bestaan.
- Op hierdie stadium word 'n geografiese vraag, wat 'n probleem aandui, gevra.
- Identifiseer die probleem in 'n plaaslike gebied.
- Formuleer 'n hipotese of 'n probleemstelling. (Hipotetiese navorsing word gebruik om te bewys dat sekere veranderlikes afhanglik of inter-afhanglik van mekaar is. Probleemstellingnavorsing word slegs gebruik om uit te lig dat 'n spesifieke probleem in 'n gemeenskap bestaan.)
- Jy moet dan die navorsingstappe volg om te verseker dat die geografiese vraag beantwoord word.

###### 'n Moontlike hipotese in Nedersettingsgeografie: Landelik-stedelike migrasie

**Waar** is die area van navorsing, m.a.w.  
die ruimtelike ligging?

**Watter invloed** het die geografiese probleem  
op die ruimtelike patroon?

Die bevolking van **Ingogo in KwaZulu-Natal** is besig om te **kleiner te word**

as gevolg van **landelik-stedelike migrasie**.

**Wat** is die geografiese probleem, m.a.w. ruimtelike proses?

###### 'n Moontlike hipotese in Geomorfologie: Opvanggebied en rivierbestuur

**Wat** is die geografiese probleem, m.a.w. ruimtelike proses?

**Waar** is die navorsingsgebied, m.a.w. ruimtelike ligging?

Menslike aktiwiteite langs die **bolepe** van die **Tugelarivier in KwaZulu-Natal** het 'n invloed op die gehalte van water en die **vloeipatroon van die rivier** langs die middel en laer lope.

**Watter invloed** het die geografiese probleem op die ruimtelike patroon?

Ander moontlike voorbeeld van hipotese-tipe navorsing:

- Die waarde van eiendom teen die hellings met 'n noordelike aansig is hoër as die waarde van eiendom teen die hellings met 'n suidelike aansig in Meyersdal, Gauteng (kies 'n plaaslike omgewing).
- Die oorsaak van landelik-stedelike migrasie in Ndwedwe, KwaZulu-Natal (kies 'n plaaslike omgewing), is die gebrek aan dienslewering in die gesondheidsektor.
- Klimaatsverandering sal 'n negatiewe invloed hê op druweboerdery en die verwante nywerhede in die Wes-Kaap.
- Die sluiting van baie laerskole in Lusikisiki (Oos-Kaap) (kies 'n plaaslike omgewing) is die gevolg van 'n afname in die bevolking in die ouderdomsgroep 7 tot 15 jaar.
- Die swak toestand van paaie (spesifiseer die name van die paaie) wat na Harrismith toe lei of in Harrismith is, Vrystaat (kies 'n plaaslike gebied), is te wyte aan die gebrek aan behoorlike beplanning deur die plaaslike munisipaliteit.
- Die impak van die bou van 'n dam in die Jukskeirivier in Gauteng (kies 'n plaaslike omgewing) stroomop van Alexandra, sal oorstroming en 'n gevolglike verlies aan lewe in Alexandra verminder.
- Die e-tolstelsel sal 'n negatiewe invloed op die ekonomiese posisie hê van mense wat van privaat vervoer in Gauteng gebruik maak.
- Die e-tolstelsel sal 'n positiewe invloed op verkeersvloei na die hoof- stedelike sentra in Gauteng hê.
- Informele nedersettings in die Vhembe-distrik van Limpopo het lae vlakke van ontwikkeling as gevolg van die gebrek aan voorsiening in basiese behoeftes (kies EEN informele nedersetting in 'n plaaslike omgewing).
- Oorbewoning van informele nedersettings is te wyte aan die gebrek aan behoorlike beplanning deur die plaaslike regering (kies 'n plaaslike area).

#### Stap 2: Agtergrondinligting oor 'n studiegebied

- Jy moet verduidelik waar in Suid-Afrika die studiegebied geleë is. (Dit kan op die kaart aangedui word.)
- Beskryf die studie-area in terme van sy presiese posisie (grade, minute en sekondes).
- Verskaf relevante inligting oor diegebied, byvoorbeeld bevolking van die gebied of klimaat van die gebied.

#### Stap 3: Kartering

- Jy moet 'n kaart van die betrokke gebied voorsien.
- In hierdie stadium moet jy 'n buffersone skep rondom die area waar die geografiese probleem bestaan.
- Die kaart moet 'n duidelike sleutel hê en moet volgens skaal geteken word. Die skaal moet op die kaart aangedui word.
- Indien die kaart wat gebruik word, 'n wyer area dek, moet buffersones om die studie-gebied geskep word.
- Die kaart wat gebruik word, moet die mees onlangse kaart van die studie-area wees.

#### Stap 4: Metodes van dataversameling

##### (a) PRIMÆRE DATABRONNE

- Die gebruik van vraelyste
- Onderhoude
- Waarnemings
- Uitstappies

(b) SEKONDÊRE DATABRONNE

- Koerantartikels
- Staatsdepartement-statistieke
- Boeke
- Internet

Stap 5: Ontleding en sintese van data

- Leerders moet nou versamelde data gebruik om 'n bespreking oor die bestaande geografiese probleem te formuleer.
- Op hierdie stadium moet leerders van die inligting grafies voorstel waar nodig, byvoorbeeld, grafieke en sketse.
- Leerders moet grafiese inligting gedurende hierdie stadium ontleed.

Stap 6: Aanbevelings en moontlike oplossings

- Leerders moet nou aanbevelings maak om die geografiese probleem onder bespreking op te los.
- Leerders moet hul oorspronklike en realistiese menings voorlê, sover as wat hulle moontlik kan.

Stap 7: Gevolgtrekking – aanvaar of verwerp die hipotese

- Leerders moet nou 'n besluit neem om die hipotese óf te AANVAAR óf te VERWERP.
- Leerders moet redes gee vir die AANVAARDING of die VERWERPING van die hipotese.

Stap 8: Bibliografie

- Leerders moet 'n omvattende bibliografie insluit.
- Leerders moet 'n volledige lys van webtuistes maak.
- Bylaes van vraelyste wat gebruik is en onderhoude wat gevoer is, moet ingesluit word.

Step 9: Indiening

- Leerders moet grafieke, tabelle, diagramme en prente waar nodig, insluit.
- By indiening moet leerders seker maak dat 'n toepaslike voorblad ingesluit is.

**4.4.3 Die opstel van 'n bibliografie vir 'n navorsingstaak**

- **Vir 'n boek:**

Outeur (van, voorletters). *Titel van Boek* (Uitgewers, Datum van publikasie).

Voorbeeld:

Dahl, R. *The BFG*. (Farrar, Straus & Giroux, 1982).

- **Vir 'n ensiklopedie:**

*Titel van Ensiklopedie*, Datum van uitgawe. Volumenommer, 'Titel van Artikel', bladsynommer(s).

Voorbeeld:

*Encyclopaedia Britannica*. 1997. Volume 7, 'Gorillas', pp. 50–51.

- **Vir 'n tydskrif:**

Outeur (van eerste), 'Titel van Artikel'. *Naam van Tydskrif*. Volumenommer, (Datum): bladsynommer(s).

Voorbeeld:

Jordan, Jennifer, 'Filming at the Top of the World'. *Museum of Science Magazine*.

Volume 47, Nr. 1, (Winter 1998): p. 11.

- **Vir 'n koerant:**

Outeur (van eerste), 'Titel van artikel'. *Naam van Koenart*. Stad, staatpublikasie. (Datum): Uitgawe indien beskikbaar, Deel, bladsynommer(s).

Voorbeeld:

Powers, Ann, 'New Tune for the Material Girl'. *The New York Times*. New York, NY.

(3/1/98): Atlantic-streek, Deel 2, p. 34.

- **Vir 'n webtuiste:**

Haal die volle naam van die webtuiste aan en ondersteep.

Voorbeeld:

<http://www.sahistory.org.za/topic/womens-struggle-1900-1994>

- **Vir 'n persoon:**

Volle naam (van eerste). Beroep, datum van onderhoud.

Voorbeeld:

Smeckleburg, Sweets. Busbestuurder. 1 April 1996.

- **Vir 'n film/dokumentêr:**

*Titel*, Regisseur, Verspreider, Jaar.

Voorbeeld:

*Braveheart*, Regisseur Mel Gibson, Icon Productions, 1995.

#### 4.4.4 Voorgestelde voorblad vir 'n navorsingstaak

NAAM VAN SKOOL	
NAAM VAN LEERDER	
ONDERWERP	
NAVORSINGSONDERWERP	
KURRIKULUMINHOUD	

Ontwerp 'n voorblad wat geskik is vir die navorsingsonderwerp en plaas dit hier

#### VERKLARING VAN EGTHEID

Ek verklaar hiermee dat ALLE skryfstukke in hierdie navorsingstaak my eie, oorspronklike werk is en dat, indien ek enige ander bron gebruik het, ek dit dienooreenkomsdig erken het.

Leerder se handtekening: \_\_\_\_\_ Datum: \_\_\_\_\_

## 5. Gehalteversekeringsprosesse wat gevolg is

'n Span vak-/kurrikulumkenners is deur die Departement van Basiese Onderwys geselekteer. Hierdie span het ontmoet en 'n stel navorsingstake en datahanteringstake saamgestel. Hierdie take is op so 'n manier opgestel dat hulle geskik sou wees om vir KABV te gebruik. Nadat die opstel van hierdie take afgehandel was, is alle take gemodereer en aangepas waar nodig. Toe die moderering en aanpassings afgehandel is, is 'n paneel bestaande uit nasionale eksaminators en interne moderators saamgestel om te verseker dat die gehalte van die take aan al die vereistes van die NKV en die KABV voldoen.

## 6. Assesseringsstake

### 6.1 Navorsingstake

#### 6.1.1 Voorbeeld: Navorsingstaak 1

- Kurrikuluminhoud: Sleutel-mens-omgewingsinteraksies in stedelike gebiede: Mense en plekke – middestadprobleme
- Voldoen aan KABV.
- Kan in die KABV finale eksterne eksamen getoets word.
- Een (1) navorsingstaak moet gedoen word.

#### MISDAAD IN DIE MIDDESTAD

Suid-Afrikaanse stede lok elke jaar duisende nuwe inwoners wat op soek is na werk en 'n beter lewe. Die behuisingstekort, saam met 'n tekort aan behuisingsubsidies, beteken dat vir baie Suid-Afrikaners daar geen alternatief is as om in informele behuising en in pondoknedersettings te woon nie. Die vinnige toename in informele nedersettings rondom die stede in Suid-Afrika het 'n toename in misdaadsyfers in die middestad tot gevolg gehad.

Die middestad is 'n deel van die stedelike nedersetting wat in die kommersiële sone gevind word. Middestadprobleme is 'n kenmerk van ou, gevestigde stede. In die geval van Suid-Afrika is stede soos Johannesburg, Pretoria, Kaapstad, Durban en Port Elizabeth goeie voorbeeld van stedelike nedersettings wat probleme in die middestad ervaar.

Stel jou navorsing saam deur die aktiwiteite wat hieronder aangedui word, uit te voer.

#### Stap 1: Formuleer die hipotese/probleemstelling

- Formuleer jou eie hipotese, gebaseer op 'n probleem wat jy geïdentifiseer het, byvoorbeeld.

Die toenemende getal informele nedersettings (kies plaaslike informele nedersetting) in en om stedelike areas in Suid-Afrika het hoér misdaadsyfers as gevolg van werkloosheid in die middestad tot gevolg gehad. (Fokuspunt: Meer mense in die omliggende informele nedersettings lei tot werkloosheid en dit laat mense hulself tot misdaad wend.)

#### Stap 2: Agtergrondinligting oor die studiegebied

Gee 'n kort inleiding en beskrywing (agtergrondinligting) van die stad (studiegebied) wat jy gekies het in terme van:

- Geskiedkundige agtergrond
- Bevolking
- Beskrywing van die ligging van informele nedersettings in verhouding tot die middestad
- Ander relevante statistiese inligting

### Stap 3: Kartering

- Verskaf 'n kaart wat die posisie van die informele nedersetting aandui, in verhouding tot die stad wat jy vir jou navorsingstaak geïdentifiseer het. (Dit is makliker om jou plaaslike omgewing as 'n studiegebied te kies.)
- Die kaart moet duidelik buffersones aandui waar informele nedersettings geleë is.
- Die kaart moet areas van die stad insluit wat as misdaadgevaarpunte ('hotspots') beskou word.
- Die kaart moet 'n duidelike sleutel hê.
- Die skaal van die kaart moet aangedui word.

### Stap 4: Dataversameling

Versamel data deur ten minste DRIE metodes te gebruik, byvoorbeeld:

- Vraelyste
- Onderhoude
- Uitstappies
- Foto's en kaarte
- Literatuurnavorsing (koerante, tydskrifte, boeke, ensovoorts)
- Internetnavorsing

### Stap 5: Ontleding en sintese van data

- Ontleed die data wat jy versamel het en formuleer 'n verslag oor jou bevindings. Ondersteun jou bevindings met grafieke, foto's, ensovoorts.
- Bespreek kortlik hoe die bestaan van informele nedersettings tot misdaad in die middestad bydra.
- Bespreek kortlik die bydrae van hoë werkloosheidsyfers in die informele nedersettings tot misdaad in die middestad.

### Stap 6: Aanbevelings en oplossings

- Verskaf gepaste aanbevelings en oplossings vir die probleem.

### Stap 7: Gevolgtrekking – aanvaar of verwierp die hipotese

- Gebaseer op jou bevindings in Stap 5, kan jy die hipotese óf AANVAAR óf VERWERP.
- Gee redes vir jou gevolgtrekking.

### Stap 8: Bibliografie

- Stel 'n bibliografie vir jou navorsing saam. Indien jy enige Internetnavorsing gedoen het, moet jy die webtuiste(s) wat jy gebruik het, ten volle verskaf.

### Stap 9: Indiening

- Stel al jou inligting saam.
- Sluit 'n inhoudsopgawe in.
- Maak seker dat jy 'n afskrif van die vraelys en/of vrae wat jy tydens onderhoude gevra het, as aanhangsels insluit.
- Ontwerp 'n gepaste voorblad.
- Dien jou navorsing in.

### **6.1.2 Voorbeeld: Navorsingstaak 2**

- Kurrikuluminhoud: Fisiese Geografie (fluviale prosesse)
- Voldoen aan KABV.
- Kan in die KABV finale eksterne eksamen getoets word.
- Een (1) navorsingstaak moet gedoen word.

#### **DIE IMPAK VAN MENSELIKE AKTIWITEITE OP RIVIERE**

Riviere kry hulle water van oppervlakte-afloopwater en grondwater uit hul dreineerbekkens. Aktiwiteite wat in die dreineerbekken plaasvind, affekteer die gehalte van die water in die rivier.

Die mens het op baie maniere 'n invloed op riviere. Die vloeい van skadelike stowwe wat deur mense geproduseer word, veroorsaak baie soorte veranderings in riviere en akwatische omgewings. Dikwels verander die mens se optredes ook die vloeい van die rivier of die vorm van die rivierbed.

Wanneer mense hulle in die opvangsgebied van die rivier vestig, verander hulle gewoonlik die grondoppervlakte en selfs die rivier. Hierdie veranderings kan op verskillende maniere 'n invloed op die dreineerbekken hê. Die hoeveelheid water wat die rivier bereik, kan aansienlik verminder word. Rivier-reaksietye kan verander word, byvoorbeeld stormwater kan die rivier gouer bereik as vantevore.

Kies 'n rivier naby jou skool of waar jy woon as 'n studie-area en doen jou navorsing deur die stappe wat hieronder beskryf word, te volg.

##### Stap 1: Formuleer die hipotese/probleemstelling

- Formuleer jou eie hipotese, gebaseer op 'n probleem wat jy geïdentifiseer het, byvoorbeeld:

Menslike aktiwiteite het 'n negatiewe invloed op die gehalte van water en die vloeipatroon in die bolope/loop van die Bloedrivier in Limpopo.

##### Stap 2: Agtergrondinligting oor die rivier wat bestudeer word

- Verskaf 'n kaart wat die rivier en die aangrensende nedersettings wat bestudeer word, toon.
- Skep 'n duidelike buffersone by die deel van die rivier wat bestudeer word.
- Die kaart moet 'n duidelike sleutel hê.
- Dui die skaal van die kaart aan.

##### Stap 3: Kartering

- Beskryf die provinsiale ligging van die rivier.
- Klimaat – veral die hoeveelheid reënval wat ontvang word.
- Plantegroei
- Reliëf en topografie
- Onderliggende rots-/gesteentestruktuur
- Spesifiseer die riviertipe, byvoorbeeld permanent, periodiek.
- Beskryf die stadium van die rivier (jonk, volwasse of oud) by jou studie-area.

#### Stap 4: Dataversameling

Versamel data deur ten minste DRIE metodes te gebruik, byvoorbeeld:

- Vraelyste
- Onderhoude
- Uitstappies
- Foto's en kaarte
- Literatuurnavorsing (koerante, tydskrifte, boeke, ensovoorts)
- Internetnavorsing

#### Stap 5: Ontleding en sintese van data

- Ontleed die data wat jy versamel het en formuleer 'n verslag oor jou bevindings. Ondersteun jou bevindings met grafieke, foto's, ensovoorts.
- Gebruik die bogenoemde stelle data wat versamel is en stel vas tot watter mate die rivier deur menslike aktiwiteite geaffekteer is.
- Verduidelik in besonderhede watter invloed die geïdentifiseerde menslike aktiwiteite op die gehalte van water en die vloeipatroon van die rivier het.

#### Stap 6: Aanbevelings en oplossings

- Na jou mening as 'n navorser, wat sou 'n moontlike oplossing(s) vir die negatiewe invloed van menslike aktiwiteite op die rivier wees?
- Maak langtermynaanbevelings aan die staatsdepartement(e) wat kan lei tot wetgewing wat die rivier beskerm.

#### Stap 7: Gevolgtrekking – aanvaar of verwerp die hipotese

- Gebaseer op jou bevindings in Stap 5, kan jy die hipotese óf AANVAAR óf VERWERP.
- Gee redes vir jou gevolgtrekking.

#### Stap 8: Bibliografie

- Stel 'n bibliografie vir jou navorsing saam. Indien jy enige Internetnavorsing gedoen het, moet jy die webtuiste(s) wat jy gebruik het, ten volle verskaf.

#### Stap 9: Indiening

- Stel al jou inligting saam.
- Sluit 'n inhoudsopgawe in.
- Maak seker dat jy 'n afskrif van die vraelys en/of vrae wat jy in die onderhoude gebruik het, as aanhangsels insluit.
- Ontwerp 'n gepaste voorblad.
- Dien jou navorsing in.

### 6.1.3 Voorgestelde nasienrubriek vir navorsingstake

NAAM VAN LEERDER: \_\_\_\_\_ GRAAD: \_\_\_\_\_

KURRIKULUMONDERWERP: \_\_\_\_\_

NAVORSINGSONDERWERP: \_\_\_\_\_

PUNT	1	2-3	4-5			Onderwyser se punt	Moderator se punt
Stap 1 Formulering van hipotese/probleemstelling	Leerder het nie die formulering van 'n hipotese/probleemstelling verstaan nie en het slegs 'n onderwerp genoem.	Leerder het 'n hipotese/probleem vir 'n navorsingsonderwerp geformuleer en is spesifiek oor 'n gebied, maar nie oor 'n geografiese probleem of die impak van die probleem nie.	Leerder het 'n hipotese/probleem geformuleer wat 'n spesifieke geografiese probleem en die impak daarvan in 'n spesifieke gebied akkuraat beskryf.				
PUNT	1	2-3	3-4	5-6		Onderwyser se punt	Moderator se punt
Stap 2 Agtergond-inligting	Nie in staat om 'n beskrywing of agtergrond-inligting van die area wat bestudeer word te gee nie.	'n Mate van beskrywing van 'n area, met beperkte agtergrondinligting, is gegee.	Relevante beskrywing van 'n studie-area met die meeste van die agtergrondinligting gegee.	Leerder het die studie-area ten volle beskryf en het die gepaste agtergrondinligting gegee.			

PUNT	1	2-3	4-5	6		Onderwyser se punt	Moderator se punt
Stap 4 Dataversameling	Slegs een primêre of een sekondêre bron van data is gebruik.	Primêre en sekondêre bronne van data is versamel wat ontoereikend was vir die navorsingsmetodologie.	Primêre en sekondêre databronne wat hoofsaaklik 'n begrip van die navorsingsarea moontlik gemaak het.	'n Verskeidenheid van primêre en sekondêre databronne is versamel, wat die hipotese akkuraat beskryf.			
PUNT	1-3	4-6	7-9	10-12	13-15	Onderwyser se punt	Moderator se punt
Stap 5 Ontleding en sintese van data	Die leerder toon min begrip van die onderwerp en is nie in staat om die invloede te identifiseer, interpreteer of te toon uit die bronne wat gebruik is nie.	Die leerder is in staat om sommige van die probleme uit die bronne te identifiseer, maar toon beperkte begrip van interpretasie en invloede.	Die leerder is in staat om die meeste gevalle die bronne te identifiseer en te interpreteer, maar toon beperkte vermoë om die invloede te toon.	Die leerder is in staat om die probleme te identifiseer en al die bronne te interpreteer, en is in staat om 'n mate van insig in die invloede te toon.	Die leerder is in staat om die probleem te identifiseer en al die bronne te interpreteer en is in staat om 'n duidelike insig in die invloede te toon.		

PUNT	0	1–3	4–5			Onderwyser se punt	Moderator se punt
Stap 7 Gevolgtrekking	Geen gevolgtrekking word gemaak nie.	Gevolgtrekking is gemaak, maar die leerder aanvaar of verwerp nie die hipotese nie.	Gevolgtrekking is gemaak, met 'n aanvaarding of verwerping van die hipotese.				
PUNT	0	1–3	4			Onderwyser se punt	Moderator se punt
Stap 8 Bibliografie	Geen bibliografie is verskaf nie.	Bibliografie wat verskaf word, is onvolledig.	Bibliografie wat verskaf word, is korrek.				
PUNT	0	1–2	3			Onderwyser se punt	Moderator se punt
Stap 9 Voorblad	Geen voorblad is verskaf nie.	Voorblad is verskaf, maar is onvolledig.	Voorblad bevat al die nodige besonderhede.				
PUNT	1–4	5	5			Onderwyser se punt	Moderator se punt
Stap 10 Aanbieding	Die navorsingsinligting is nie goed uiteengesit nie. Die bibliografie is verkeerd of nie ingesluit nie. Geen voorblad is ontwerp nie.	Die navorsing is goed uiteengesit. Stappe is bevredigend gevolg. Bibliografie is verskaf, maar is nie korrek uiteengesit nie. Die voorblad is ontwerp.	Die navorsing is logies uiteengesit. Alle stappe is korrek gevolg. Bibliografie is verskaf en korrek uiteengesit. Voorblad is ontwerp en is gepas vir die navorsings-onderwerp.				
						Onderwyser se punt	Moderator se punt
						TOTAAL: 60	
						SGA-PUNT: $60 \div 3 = 20$	

NAAM VAN ONDERWYSER: \_\_\_\_\_ DATUM VAN ASSESSERING: \_\_\_\_\_

NAAM VAN MODERATOR: \_\_\_\_\_ DATUM VAN MODERERING: \_\_\_\_\_

## 6.2 Datahanteringstake

### 6.2.1 Voorbeeld: Datahanteringstaak 1

- Kurrikuluminhoud: Fisiese Geografie (tropiese siklone, subtropiese antisiklone en dreineerbekkens)
- Voldoen aan KABV.
- Kan in die KABV finale eksterne eksamens getoets word.
- Een (1) datahanteringstaak moet gedoen word.

#### GRAAD 12 SGA KABV 2014)

#### DATAHANTERINGSTAAK

#### FISIESE GEOGRAFIE

**TYD: 1 uur (60 minute)**

**PUNTE: 60**

#### VRAAG 1

- 1.1 Verwys na FIGUUR 1A wat 'n sinoptiese weerkaart van Tropiese Sikloon Irina toon.
- 1.1.1 Bepaal die getal tropiese siklone, Irina ingesluit, wat gedurende hierdie tropiesesikloonseisoen plaasgevind het. (1 x 2) (2)
- 1.1.2 Gee 'n rede om jou antwoord op VRAAG 1.1.1 te ondersteun. (1 x 2) (2)
- 1.1.3 Beskryf die oppervlaktelug-sirkulasie wat binne-in Tropiese Sikloon Irina plaasvind. (1 x 2) (2)
- 1.2 Verwys na FIGUUR 1B, wat 'n satellietbeeld van Tropiese Sikloon Irina toon, en FIGUUR 1C, wat die geprojekteerde pad van Tropiese Sikloon Irina toon.
- 1.2.1 Gebruik die satellietbeeld en stel vas in watter ontwikkelingstadium Tropiese Sikloon Irina is. (1 x 2) (2)
- 1.2.2 Gee bewyse uit die satellietbeeld om jou antwoord op VRAAG 1.2.1 te ondersteun. (1 x 2) (2)
- 1.2.3 Bespreek TWEE sosio-ekonomiese impakte van Tropiese Sikloon Irina op gebiede langs die ooskus van suidelike Afrika. (2 x 2) (4)
- 1.2.4 Teken 'n benoemde deursnit van Tropiese Sikloon Irina soos dit op die satellietbeeld gewys word, van **X** tot **Y**. Dui die posisie van die oog en die cumulonimbuswolke (donderwolke) duidelik op jou deursnit aan. (2 x 2) (4)
- 1.2.5 Noem die rede vir die gebruik van die woorde 'geprojekteerde pad' wanneer die pad van Tropiese Sikloon Irina beskryf word. (1 x 2) (2)

1.3	Verwys na FIGUUR 1A.		
1.3.1	Identifiseer die hoogdrukselle wat <b>P</b> en <b>Q</b> gemerk is.	(2 x 2)	(4)
1.3.2	Gebruik bewyse op die kaart om te verduidelik of die windspoed groter sal wees in area <b>P</b> of area <b>Q</b> .	(3 x 2)	(6)
<b>[30]</b>			


## VRAAG 2

2.1	Verwys na FIGUUR 2A wat deursnitte van die Tugelarivier al langs sy loop in die dreineerbekken, wat in FIGUUR 2B getoon word, toon.		
2.1.1	Definieer die term <i>dreineerbekken</i> .	(1 x 2)	(2)
2.1.2	Watter van FIGUUR 2A en FIGUUR 2B toon onderskeidelik 'n lengteprofiel en 'n dwarsprofiel?	(2 x 2)	(4)
2.1.3	Pas elk van die deursnitte <b>A</b> , <b>B</b> en <b>C</b> (FIGUUR 2A) by posisies <b>(i)</b> , <b>(ii)</b> en <b>(iii)</b> (FIGUUR 2B).	(3 x 2)	(6)
2.1.4	Verduidelik kortlik die verskil in die breedte van die rivierkanaal by <b>A</b> en <b>C</b> .	(2 x 2)	(4)
2.2	Verwys na FIGUUR 2B wat die dreineerbekken van die Tugelarivier toon van sy bo- tot sy middel- tot sy benedeloop.		
2.2.1	Bepaal die stroomorde van die Tugelarivier by punt <b>X</b> met sy loop langs.	(1 x 2)	(2)
2.2.2	Identifiseer en verduidelik EEN van die stroomkanaalpatrone van die Tugelarivier by <b>(ii)</b> met sy loop langs.	(3 x 2)	(6)
2.2.3	Teken 'n benoemde vryhanddeursnit deur die rivierkanaal langs lyn <b>T-S</b> wat die posisie van en die verskil in vorm tussen 'n afglyhang ('slip-off slope') en 'n stootoewerhang ('undercut slope') toon.	(2 x 2)	(4)
2.2.4	Gee EEN rede waarom die Tugelarivier meer geneig sal wees om in die omgewing van <b>(iii)</b> te oorstrom.	(1 x 2)	(2)
<b>[30]</b>			


**GROOTTOTAAL:** **60**

**FIGUUR 1A: TROPIESE SIKLOON IRINA**

29/02/2013




**FIGUUR 1B: SATELLIETBEELD**




**FIGUUR 1C: GEPROJEKTEERDE PAD**



FIGUUR 2A: DEURSNITTE VAN DIE TUGELARIVIER LANGS VERSKEIE PUNTE



FIGUUR 2B: AANSIG VAN SKEMATIESE PLAN VAN DIE DREINEERBEKKEN VAN DIE TUGELARIVIER



#### 6.2.2 Voorbeeld: Datahanteringstaak 2

- Kurrikuluminhoud: Mense en hul behoeftes (bruto binnelandse produk, industriële gebiede, industriële ontwikkelingszones [IOS])
- Voldoen aan KABV.
- Kan in die KABV finale eksterne eksamen getoets word.
- Een (1) datahanteringstaak moet gedoen word.

**GRAAD 12 SGA (KABV 2014)**

**DATAHANTERINGSTAAK**

**MENSE EN HUL BEHOEFTES**

**TYD: 1 uur (60 minute)**

**PUNTE: 60**

**VRAAG 1**

- 1.1 Verwys na FIGUUR 1A en 1B en beantwoord die vrae wat volg.
- 1.1.1 Definieer die volgende terme:
- (a) Bruto binnelandse produk (1 x 2) (2)  
(b) Handelsbalans (1 x 2) (2)
- 1.2 Identifiseer die grootste en die kleinste bydraer tot die Suid-Afrikaanse BBP. (2 x 2) (4)
- 1.3 Gebruik FIGUUR 1B om die neiging van die Suid-Afrikaanse BBP van 2010 tot 2012 te beskryf. (1 x 2) (2)
- 1.4 Hoe sal die neiging wat in VRAAG 1.3 genoem is, Suid-Afrika se Handelsbalans beïnvloed? (1 x 2) (2)
- 1.5 Watter ekonomiese aktiwiteit (primêr, sekondêr of tersiêr) in FIGUUR 1A is verantwoordelik vir die bestaande neiging wat in VRAAG 1.3 genoem is? (1 x 2) (2)
- 1.6 Bespreek die verwantskap tussen die persentasie wat deur die landbou tot die Suid-Afrikaanse BBP en voedselsekuriteit in die land bygedra word. (2 x 2) (4)
- FIGUUR 1A dui aan dat die landbousektor 'n baie klein persentasie tot die BBP bydra.
- 1.7 Skryf 'n kort paragraaf (ongeveer 12 reëls) waarin jy redes verskaf vir die klein bydrae van die landbousektor tot die Suid-Afrikaanse BBP. (6 x 2) (12)

**[30]**

## VRAAG 2

Verwys na FIGUUR 2 voordat jy die vrae hieronder beantwoord.

- |     |   |         |     |
|-----|---|---------|-----|
| 2.1 | Skryf die korrekte name vir die industriële gebiede wat <b>B</b> en <b>D</b> gemerk is, neer.   | (2 x 2) | (4) |
| 2.2 | Identifiseer die grootste van die vier industriële gebiede wat in FIGUUR 2 sigbaar is.  | (1 x 2) | (2) |
| 2.3 | Verduidelik enige TWEE faktore wat geleei het tot die groei en ontwikkeling van die industriële gebied waarna in VRAAG 2.2 verwys word. | (2 x 2) | (4) |

[10]

## VRAAG 3


Verwys na FIGUUR 3 voordat jy die vrae hieronder beantwoord.

- |     |   |         |     |
|-----|---|---------|-----|
| 3.1 | Wat is 'n IOS?  | (1 x 2) | (2) |
| 3.2 | Noem die provinsie waarin die Coega IOS geleë is.   | (1 x 2) | (2) |
| 3.3 | Beskryf kortlik TWEE doelwitte vir die ontwikkeling van die Coega IOS.  | (2 x 2) | (4) |
| 3.4 | As 'n vervaardiger van swaar grondverskuiwingstoerusting om in Asië te verkoop, verduidelik wat jou sou aanmoedig om 'n fabriek in die Coega IOS oop te maak.   | (2 x 2) | (4) |
| 3.5 | Veronderstel jy is 'n Suid-Afrikaanse regeringsamptenaar wat verantwoordelik is vir ekonomiese ontwikkeling. Noem VIER aansporings wat jy sou gebruik om buitelandse beleggers na die Coega IOS te lok. | (4 x 2) | (8) |


[20]

GROOTTOTAAL: **60**


**FIGUUR 1 A: PERSENTASIE BYDRAE VAN HOOFSEKTORE TOT DIE BBP**



**FIGUUR 1B: SUID-AFRIKAANSE BBP**



**FIGUUR 2: INDUSTRIE EN MYNBOU IN SUID-AFRIKA**



**FIGUUR 3: COEGA-IOS**

### DIE COEGA INDUSTRIËLE ONTWIKKELINGSZONE

Die Coega Ontwikkelingskorporasie (COK) is 'n staatsentiteit wat in 1999 gevorm is. Hulle het die mandaat ontvang om die Coega Industriële Ontwikkelingszone (IOS) wat langs die moderne diepwaterhawefasiliteit, Ngqura-hawe, geleë is, te ontwikkel en te bedryf.

Die Coega Industriële Ontwikkelingszone (Coega IOS), wat naby die bedrywige Nelson Mandelabaai Metropolitaanse Munisipaliteit geleë is, is Suid-Afrika se voorste beleggingsvoordeur vir industrieë met 'n globale perspektief.

Die Coega Ontwikkelingskorporasie streef daarna om die lewering van infrastruktuur in die Oos-Kaap te verbeter deur vaardigheidstekorte, werkloosheid, beperkte beplannings- en projekbestuurskapasiteit, sowel as onderspandering te ondersoek.


### 6.2.3 Memorandum/Nasienriglyne vir datahanteringstaake

#### MEMORANDUM – Datahanteringstaak 1

**TYD: 1 uur (60 minute)**


**PUNTE: 60**

#### VRAAG 1

- |       |       |   |         |
|-------|-------|---|---------|
| 1.1   | 1.1.1 | 9 siklone (2)   | 1x2 (2) |
|       | 1.1.2 | Tropiese siklone word alfabeties genoem - 'I' is die 9 <sup>e</sup> letter van die alfabet (2)  | 1x2 (2) |
|       | 1.1.3 | Oppervlaktesirkulasie is in 'n klokgewyse rigting (2)   | 1x2 (2) |
| 1.2   | 1.2.1 | Volwasse stadium (2)  | 1x2 (2) |
|       | 1.2.2 | Die mate/deursnee van die wolkbedekking is groot (2)<br><br>Die sikloon is nog op pad na die land toe (2)<br><br>Oor 'n warm oseaan (2)   |         |
|       |       | [Enige EEN]   | 1x2 (2) |
|       | 1.2.3 | Skade aan vervoernetwerke (2)<br><br>Skade aan geboue (2)<br><br>Verlies aan lewe (2)<br><br>Ontwrigting van kommunikasienetwerke (2)<br><br>Vernietiging van bogrond/gronderosie (2)<br><br>Gewasse vernietig (2)<br><br>Lewende hawe verdrink (2)<br><br>Afname in ekonomiese aktiwiteite (2)<br><br>Ontwrigting van die invoer- en uitvoeraktiwiteite by die hawe (2)<br><br>Afname in voedselsekuriteit (2)<br><br>Toename in gebrek aan voedselsekuriteit (2)<br><br>Uitbraak van watervervoerde siektes (2) |         |
|       |       | [Enige TWEE. Aanvaar ander redelike antwoorde]  | 2x2 (4) |
|       | 1.2.4 |   |         |
|       |       | 2x2 (4)   |         |
| 1.2.5 |       | 'n Tropiese sikloon volg 'n wisselvallige pad en dit is derhalwe moeilik om vooraf sy presiese roete te bepaal. (2)<br><br>[Konsep]   | 1x2 (2) |
| 1.3   | 1.3.1 | P – Suid-Atlantiese/St Helena Hoëdruk-sel (2)<br><br>Q – Suid-Indiese/Mauritius Hoëdruk-sel (2)   | 2x2 (4) |

1.3.2	<b>P (2)</b>	
	Steiler drukgradiënt/isobare naby gespasieer (2)	
	Hoe steiler die drukgradiënt, hoe sterker die winde (2)	3x2 (6)
		[30]

## VRAAG 2

2.1	2.1.1	Die totale area wat deur 'n rivierstelsel en al sy sytakke gedreineer word (2) [Konsep]	1x2 (2)
	2.1.2	2A - dwarsprofiel (2)	2x2 (4)
		2B - lengteprofiel (2)	
	2.1.3	A - (i) (2)	
		B - (ii) (2)	3x2 (6)
		C - (iii) (2)	
	2.1.4	A - hoofsaaklik afwaartse erosie en derhalwe 'n smal rivierloop (2)	
		C - rivier vleg van kant tot kant, en derhalwe laterale erosie en wye rivierloop (2)	2x2 (4)
2.2	2.2.1	3 <sup>e</sup> ordestroom	1x2 (2)
	2.2.2	Kronkelende rivierlooppatroon (2)  Die helling word vlak en daar is 'n afname in die snelheid van die rivier (2) Om oortollige energie te oorkom, begin die stroom van kant tot kant vleg (2) [Enige EEN rede]	
		<b>OF</b>  Gevlekte rivierlooppatroon (2)  Die helling word vlak en daar is 'n afname in die snelheid van die rivier (2)  Die rivier lê sediment neer op die rivierbed en die water vloei om die neergelegte materiaal (2) [Enige EEN rede]	2x2 (4)
	2.2.3	 A diagram of a river bend. The river flows from the top right towards the bottom left. The left bank is labeled 'Slowest current & greatest deposition' with an arrow pointing upwards. The right bank is labeled 'Fastest current & greatest erosion' with an arrow pointing downwards. The river bed is labeled 'River cliff'. Below the diagram, the label 'T - gly ✓✓' points to the left bank, and 'S - stoot - ✓✓' points to the right bank.  T moet aan linkerkant wees S moet aan regterhand wees Vorm van die twee hellings moet korrek wees	2x2 (4)
	2.2.4	Rivier is vlak as gevolg van neerslag en water sal maklik oorstrom (2) Wye, plat vloedvlakte laat oorstromende water toe om maklik te versprei (2) Groot volume water wat nie deur die rivierloop teruggehou word nie (2) [Enige EEN]	1x2 (2) [30]

**GROOTTOTAAL: 60**

## MEMORANDUM – Datahanteringstaak 2

**TYD: 1 uur (60 minute)**

**PUNTE: 60**

### VRAAG 1

1.1.1	Die totale waarde van goedere en dienste wat in een jaar in 'n land geproduseer word. [Konsep]	1x2
1.1.2	Handelsbalans verwys na die verskil tussen die waarde van invoere en van uitvoer van goedere wat in 'n land geproduseer word/Waarde van uitvoere minus invoere van 'n land (2)	
	[Konsep]	1x2 (2)
1.2	Grootste – Groot- en kleinhandel, hotel en restaurante (2)	
	Kleinste – Elektrisiteit (2)	2x2 (4)
1.3	Toenemende neiging/opwaartse neiging/ekonomiese verbetering (2)	1x2 (2)
1.4	Positiewe Handelsbalans (2)	1x2 (2)
1.5	Tertiêre aktiwiteite/Dienste (2)	1x2 (2)
1.6	Lae landbouproduksie beteken dat daar minder voedsel geproduseer sal word (2)	
	Dit sal tot 'n voedseltekort lei (2)	
	Voedselsekuriteit word bedreig/gebrek aan voedselsekuriteit (2)	
	[Enige TWEE]	2x2 (4)
1.7	Lae en onbetroubare Suid-Afrikaanse reëerval (2)	
	Grondgehalte is oor die algemeen swak in Suid-Afrika (2)	
	Hoë voorkoms van droogtes (2)	
	Hael wat dikwels in die Hoëveld voorkom, het 'n negatiewe impak op gewasproduksie (2)	
	Dubbele landboustelsel/bestaan van bestaans- en kommersiële boere (2)	
	Wisselende pryse vir landbouprodukte beide plaaslik en internasionaal (2)	
	Hoë voorkoms van MIV/Vigs verlaag produksie op plase (2)	
	Plae en insekte vernietig gewasse en vrugte (2)	
	Groeiente belangrikheid van die sekondêre sektor (2)	
	Groter inkomste van die uitvoer van verwerkte goedere (2)	
	Groeiente belangrikheid van tersiêre sektor (2)	
	[Enige SES. Aanvaar enige ander redelike antwoord]	(6x2) (12)
		[30]

### VRAAG 2

2.1	B - Ethekwini metropolitaanse streek /Durban-Pinetown streek (2)	
	D - Suid-Wes Kaap streek (2)	2x2 (4)
2.2	Gauteng Industriële streek/PWV (2)	1x2 (2)

- |     |   |
|-----|---|
| 2.3 | <p><b>Mark</b> – Groot stede en dorpe in die streek verskaf markte vir vervaardigde goedere (2) Steeds groeiende bevolking in die streek vorm 'n uitstekende mark vir plaaslik-vervaardigde goedere (2)</p> <p><b>Vervoer</b> – Goeie vervoerstelsel koppel Gauteng Industriële streek met verskeie bronne van rou material en hawens om uitvoer en invoer te faciliteer (2)</p> <p><b>Roumateriale</b> – Groot deposito's minerale stimuleer die ontwikkeling van industrieë in hierdie area (2)</p> <p><b>Krag</b> – Beskikbare steenkool in Gauteng en Mpumalanga gebruik om elektrisiteit op te wek (2) Maklike toegang tot krag wat deur ESKOM geproduseer word trek baie industrieë na die streek (2)</p> <p><b>Water</b> – Beskikbaarheid van water van wateroordragskemas, groot behoefte daarvan deur industrieë (2)</p> |
|     | [Enige TWEE. Moet verduidelik en nie net lys/noem nie] (2x2) (4) [10]   |

## VRAAG 3

- |     |  |         |
|-----|--|---------|
| 3.1 | ‘n Area naby aan ‘n lughawe of hawe wat bedoel is om belegging te lok, vermeerder uitvoere en die mededingendheid van Suid-Afrikaanse produkte (2) |         |
| 3.2 | [Konsep] Oos-Kaap (2)  | 1x2 (2) |
| 3.3 | Om ekonomiese groei in die streek te stimuleer (2)   |         |
|     | Voorsiening van vaardighede (2)  |         |
|     | Werkskepping (2)   |         |
|     | Armoede te verlig (2)  |         |
|     | Verbeter infrastruktuur (2)  |         |
|     | Uitvoer van vervaardigde goedere aan te moedig (2)   |         |
| 3.4 | [Enige TWEE. Aanvaar ander redelike antwoord]  | 2x2 (4) |
|     | ‘Break-of-bulk’-punt (2)   |         |
|     | Beskikbaarheid van hawe vir die uitvoer van toerusting (2)   |         |
|     | Teenwoordigheid van goedkoop watervervoer (2)  |         |
|     | Beskikbaarheid van geskoolde/ongeskoolde arbeid (2)  |         |
|     | Coega IOS is aan die ooskus – nader aan die Asiese mark (2)  |         |
|     | [Enige TWEE. Aanvaar ‘n ander redelike antwoord]   | 2x2 (4) |

3.5	Ontwikkel wêreldklas infrastruktuur spesiaal ontwerp om beleggers te trek (2)	
	Verskaf toegang tot jongste informasie-tegnologie vir wêreldwye kommunikasie (2)	
	Invoerbelasting-vry voordele op invoer van rou material (2)	
	Gesubsidieerde elektrisiteitsvoorsieningstariewe (2)	
	Belastingkortings (2)	
	Tydelike belastingvrystellings (2)	
	Verminderde koste van watervoorsiening (2)	
	Ontwikkel direkte skakels na 'n internasionale hawe en lughawe vir uitvoere (2)	
	Subsidieer opleiding vir werkers (2)	
	[Enige VIER. Aanvaar ander]	4x2 (8)
		[20]
		<b>GROOTTOTAAL: 60</b>

## 7. SLOT

Hierdie dokument voorsien onderwysers van 'n raamwerk waarvolgens hulle kan werk en hul eie navorsings- en datahanteringstake kan ontwikkel.

'n Duidelike riglyn oor hoe om navorsing te doen, is ontwikkel. Hierdie riglyn kan toegepas word op enige onderwerp binne die NKV/KABV waarin leerders graag navorsing wil doen. Die nasienrubriek wat ingesluit is, sal onderwysers en leerders ook van 'n duidelike riglyn voorsien met betrekking tot die tyd wat aan die verskillende fases van die navorsing spandeer moet word.

Die hoë standaard van hierdie take sal aan leerders 'n platform verskaf om vaardighede soos navorsing, interpretasie van bronre, integrasie van bronre en grafiese te ontwikkel; alles vaardighede wat vir die finale eksterne Geografie-eksamen benodig word. Hierdie is ook vaardighede wat op 'n later stadium in hul lewens van nut kan wees.

## Notes



